NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 3 OKTOBER 2012 OM 10:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdh N J A Rust
Ondervoorsitter, rdl M van Zyl

Abrahams, M	Hunsinger, C H H
Cox-Bruintjies, Y S	Sedeman, A C
Goliath, M S I	Stemele, O M
Humphreys, F S	Wilskut, W

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Komiteebeampte, me R J Pretorius

1. **OPENING / VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Die voorsitter heet almal hartlik welkom. Rdl C H H Hunsinger open die vergadering met gebed.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C M Cloete en B W Geel.

2. **NOTULES**

2.1 **NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 5 SEPTEMBER 2012**

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 5 September 2012 as korrek bekragtig word.

3. **AFVAARDIGINGS/OORHANDIGINGS/VOORLEGGINGS**

3.1 **SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT**

BESLUIT

Dat kennis geneem word van skrywes van dank en waardering ontvang gedurende die afgelope maand.

4. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 DEPARTEMENTELE VERSLAE

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER: AUGUSTUS 2012

Die voorsitter bied geleentheid aan die Munisipale Bestuurder om die maandverslag vir Augustus 2012 te behandel.

Die Munisipale Bestuurder verwys na die “Rise-Up” projek en noem dat daar tans gesprekke plaasvind met die persoon in beheer. Die projek behels die oprigting van containers vir die bak van brood. Sasko is ook by die projek betrokke. ‘n Volledige verslag sal by die volgende Portefeuljekomiteevergadering in November voorgelê word.

5.1.2 FINANSIËLE DIENSTE: AUGUSTUS 2012

Die voorsitter bied geleentheid aan die Direkteur Finansiële Dienste om die maandverslag vir Augustus 2012 te behandel.

Die Direkteur Finansiële Dienste verwys na die kredietgraderingsagentskap Moody’s se besluit om Suid-Afrika, asook sekere munisipaliteite en staatsentiteite se kredietgradering te verlaag. Hy noem dat die munisipaliteit se gradering van ‘n Aa3 na ‘n Bb3 verlaag is. Dit is nie toegeskryf aan die munisipaliteit se swak dienslewering nie, maar wel omdat die land se gradering verlaag is. Swartland munisipaliteit het homself twee jaar gelede laat gradeer toe hy vir ‘n lening wou aansoek doen om in infrastruktuur te belê. Hy beklemtoon dat die verlaging in gradering geen effek op die munisipaliteit sal hê nie. Hy noem verder dat die munisipaliteit tans besig is om weer op tender uit te gaan om vir die volgende drie jaar die gradering te hersien.

Die Munisipale Bestuurder noem dat met die oog op die oudit van finansiële volhoubaarheid deur die Kantoor van die Ouditeur-Generaal, die Direkteur Finansiële Dienste in proses is om standaarde vir finansiële volhoubaarheid op te stel. Die standaarde moet teen einde November gefinaliseer wees, en stel die Munisipale Bestuurder voor dat die Direkteur Finansiële Dienste ‘n voorlegging by die volgende Portefeuljekomiteevergadering doen om raadslede hieromtrent in te lig. Hierdie standaarde sal ook beskikbaar gestel word aan munisipaliteite in die Wes-Kaap.

Die Direkteur Finansiële Dienste noem dat die artikel 71 verslag wat elke einde van die maand binne 10 werksdae van die nuwe maand aan Nasionale Tesourie voorsien moet word, laat deur hulle ontvang is. Hy noem dat die verslag wel op 10 September 2012 aan hulle ge-epos was, en dat dit deur die Uitvoerende Burgemeester asook die Munisipale Bestuurder op die betrokke dag ontvang is. Die oorsaak van die vertraging in die e-pos, kon egter nie bepaal word nie. Hy stel voor dat die bandwydte van die IT-stelsel vergroot word om te verhoed dat soortgelyke voorvalle in die toekoms voorkom.

5.1.3 KORPORATIEWE DIENSTE: AUGUSTUS 2012

Die voorsitter bied geleentheid vir die Direkteur Korporatiewe Dienste om die maandverslag vir Augustus te behandel.

Die Direkteur verwys na die aantal werksdae wat verlore gegaan het en noem dat dit as gevolg van twee beamptes is wat redelik lank met siekverlof was. Sy noem verder dat die aantal “EPWP” geleenthede in November maand se verslag sal reflekteer.

BESLUIT/…

BESLUIT
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl Z Abrahams)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder, die Direktoraat Finansiële Dienste en die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir Augustus 2012;

AANBEVEEL VERDER

(b) Dat, (op versoek van rdl F S Humphreys) daar ondersoek ingestel word na die aanbieding van 'n opvoedkundige program insake die benutting van die "bins" wat in die verskillende wyke geplaas is;

(c) Dat kennis geneem word van die oefening ten opsigte van die formalisering van standaarde vir finansiële volhoubaarheid waarmee die Direkteur Finansiële Dienste in proses is, en dat 'n voorlegging hieromtrent op 7 November 2012 aan die Portefeuljekomitees gedoen sal word;

(d) Dat kennis geneem word dat die artikel 71 verslag nie betyds deur Nasionale Tesourie ontvang is nie;

(e) Dat die oorsaak van voormelde deur die Direkteur Finansiële Dienste ondersoek word, aangesien dieselfde e-pos wat uitgestuur was, wel deur die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder ontvang is;

(f) Dat, indien die ondersoek toon dat die probleem by Swartland Munisipaliteit se IT-stelsel is, opdrag aan die Direkteur Finansiële Dienste gegee word om die vergroting van die bandwydte te ondersoek om soortgelyke voorvalle in die toekoms te verhoed.

6. **SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

Geen

(GET) N J A RUST
VOORSITTER

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl O M Stemele
Ondervoorsitter, rdl R F van der Westhuizen

Abrahams, M	Papers, C H
Fortuin, C	Rust, N J A
Goliath, M S I	Van Zyl, M
Hunsinger, C H H	Van der Merwe, J I

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Komiteebeampte, me R J Pretorius

1. **OPENING / VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Die vergadering neem om 10:36 ‘n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl N S Zatu.

2. **NOTULES**

2.1 **NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING (SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 5 SEPTEMBER 2012**

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Abrahams, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 5 September 2012 as korrek bekragtig word.

3. **VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS**

Geen

4. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen

5. **GEDELEGEERDE SAKE**

5.1 **MAANDVERSLAE**

5.1.1 **SIVIELE INGENIEURSDIENSTE: AUGUSTUS 2012**
5.1.2 **ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE: AUGUSTUS 2012**

Die voorsitter gee geleentheid aan die Direkteur: Siviele- en Elektriese Ingenieursdienste om die maandverslag van Augustus 2012 te behandel.

BESLUIT/…

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Abrahams, gesekondeer deur rdl R F v/d Westhuizen)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Augustus 2012;

AANBEVEEL VERDER

(b) Dat, (op versoek van rdl C Fortuin) die Direkteure: Siviele Ingenieursdienste en Beskermingsdienste ondersoek instel na die gewigsbeperkings t.o.v. sekere voertuie asook die impak wat swaar voertuie het op paaie in die Swartland;

(c) Dat, (op versoek van rdl J I van der Merwe) daar meer duidelikheid aangaande die prosedures wat gevolg word met die “EPWP” aan die komitee voorsien word.

6. **SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

Geen

(GET) O M STEMELE
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl A C Sedeman
Ondervoorsitter, rdl W Wilskut

Goliath, M S I
Hunsinger, C H H
Papers, C H
Philander, D B
Van der Westhuizen, R F
Van Zyl, M

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Komiteebeampte, me R J Pretorius

1. **OPENING / VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Die vergadering neem om 11:06 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle B W Geel, B J Stanley en A M Sneewe.

2. **NOTULES**

2.1 **NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING (ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 5 SEPTEMBER 2012**

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van ’n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 5 September 2012 as korrek bekragtig word.

3. **VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS**

Geen

4. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen

5. **GEDELEGEERDE SAKE**

5.1 **MAANDVERSLAE**

5.1.1 **ONTWIKKELINGSDIENSTE: AUGUSTUS 2012**

Rdl D B Philander verneem na die verslag van drinkwater by privaat instansies, aangesien van die monsters geneem nie voldoen aan die SANS-standaarde nie.

In antwoord noem die Direkteur: Ontwikkelingsdienste dat dit meestal voorkom waar water self voorsien word en die betrokke instansies sukkel om die water voldoende te suiwer.

5.1.1/…

Rdl D B Philander verneem verder na die behandelde riool verslag en die nie voldoening aan die minimum standaarde.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem dat die Departement: Siviele Ingenieursdienste en die Gesondheidsdepartement van die Weskus Distriksmunisipaliteit die neem van monsters kontroleer. Hy is van mening dat daar baie keer fout met die apparaat kan wees of met die tydperk van vervoer na die laboratorium.

Die Burgemeester, rdh T van Essen, noem dat verskillende laboratoriums die monsters verwerk wat dus aanleiding kan gee t.o.v. die verskille in die verslag.

5.1.2 **BESKERMINGSDIENSTE: AUGUSTUS 2012**
5.1.3 **MUNISIPALE POLISIEDIENSTE**: **AUGUSTUS 2012**
5.1.4 **BRANDBESTRYDING**: **AUGUSTUS 2012**

Die voorsitter gee geleentheid aan die Direkteur: Beskermingsdienste om die maandverslag van Augustus te behandel.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Ontwikkelingsdienste en Direktoraat Beskermingsdienste vir Augustus 2012;

AANBEVEEL VERDER

(b) Dat, (op versoek van rdh T van Essen) daar deur Swartland Munisipaliteit en die Weskus Distriksmunisipaliteit op dieselfde dag, plek en tyd monsters geneem word om sodoende te bepaal of daar wel nog verskille gaan uitwys.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 VOORGESTELDE ONDERVERDELING VAN ERF 1723, ONGEGUND (15/3/6-10) (WYK 3)

'n Aansoek is ontvang van die geregistreerde eienaar, Johan Neethling Joubert vir die onderverdeling van erf 1723 (groot 6851m²) Ongegund. Die voorgestelde onderverdeling stel vier gedeeltes voor, naamlik; gedeelte A (±1564m²), gedeelte B (±1655m²), gedeelte C (±1840m²) en gedeelte D (±1792m²). Erf 1723 is tans vakant en is soneer as residensiële sone I.

'n Soortgelyke aansoek vir die onderverdeling van erf 1723, Ongegund is op 17 Oktober 2007 deur die Raad afgekeur, omrede daar 'n gebrek aan kapasiteit ten opsigte van riool- en elektrisiteitsdienste bestaan het.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl W Wilskut, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

A Dat die aansoek vir die onderverdeling van erf 1723 (groot 6851m²), Ongegund, ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) die eienaars van die nuutgeskepte erwe 'n lid van die Ongegund Huiseienaarsvereniging word en tot hul konstitusie gebind wees;

6.1/...

A2 WATER

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van ‘n aparte wateraansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is op bouplanstadium van toepassing;

A3 RIOOL

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van ‘n afsonderlike rioolaansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is op onderverdelingstadium van toepassing;
(b) dat daar vir die huidige nie voldoende kapasiteit by die Ongegund rioolwerke beskikbaar is om die onderverdeelde gedeelte van riooldienste te voorsien nie. Die kapasiteit van die rioolwerke word tans uitgebrei. Hierdie proses is reeds onderweg en word dit voorsien om die opgegradeerde rioolwerke teen 2013 in bedryf te stel. Daar kan dus eers riooldienste aan die onderverdeelde gedeelte voorsien word teen die tyd dat daar kapasiteit beskikbaar is;

A4 VULLISVERWYDERING

(a) dat ‘n basiese vullisverwyderingstarief vir elke beboude perseel gehef word;
(b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie geplaas word op die oggend van verwydering;

A5 ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde onderverdeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van ‘n Eskom kraglyn verbode is;
(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die onderverdeelde perseel;

A6 ELEKTRISITEIT

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van ‘n afsonderlike elektriese aansluiting op die koste van die eienaar/ontwikkelaar voorsien sal word;
(b) dat daar tans geen bestaande laagspanningsnetwerk bestaan wat die bykomende erwe kan diens nie en dat die beplanning, ontwerp en konstruksie om ‘n laagspanningnetwerk daar te stel ten koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;

A7 KAPITAALBYDRAE

(a) Dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van water wat bepaal is deur die Weskus Distrikmunisipaliteit teen R9 815,40 (BTW ingesluit) per kiloliter jaarlikse gemiddelde daaglikse aanvraag (R9 815,40/kl AADD) wat betaal moet word. Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar per nuutgeskepte gedeelte (‘n totaal van R29 446,20) aan Swartland Munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;
(b) Dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatwaterdienste ten bedrae van R 7 277,00 per nuutgeskepte gedeelte (‘n totaal van R21 831,00) aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;
(c) Dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatriooldienste ten bedrae van R 3 600 per nuutgeskepte gedeelte (‘n totaal van R 10 800,00) aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;

6.1/...

(d) Dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. strate en stormwater ten bedrae van R 5 3630 per nuutgeskepte eenheid ('n totaal van R 16 089,00) aan hierdie munisipaliteit op uitklaring stadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;

(e) Dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. elektrisiteit ten bedrae van R4 321,00 per nuutgeskepte eenheid ('n totaal van R12 963,00) aan hierdie munisipaliteit op uitklaring stadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 83-84-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;

A8 ALGEMEEN

(a) dat indien dit nodig sou wees om enige bestaande dienste uit te brei ten einde die onderverdeelde gedeeltes van dienste aansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;

(b) dat enige bestaande dienste wat die restant en die onderverdeelde gedeeltes aan mekaar koppel, verskuif en/of ontkoppel word sodat elke erf se pypwerk op die betrokke erf geleë is;

(c) dat die wetlike sertifikaat wat enige van die onderverdeelde gedeeltes magtig nie uitgereik sal word alvorens daar aan bogenoemde voorwaardes voldoen is nie, asook tot wanneer daar kapasiteit beskikbaar is by die rioolwerke.

(d) dat die beswaarmakers van die besluit in kennis gestel word en op hul reg tot appél gewys word.

6.2 **VOORGESTELDE HERSONERING VAN GEDEELTE 40 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 24) VAN DIE PLAAS YZERFONTEIN NO. 560, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15) (WYK 5)**

'n Aansoek is ontvang van die geregistreerde eienaar, Weyers Familie Trust, vir die hersonering van gedeelte 40 ('n gedeelte van gedeelte 24) van plaas 560 (groot 926m²), geleë te Buitekantstraat, Yzerfontein vanaf sakesone II na sakesone I ten einde 'n sakegebou op te rig.

Die aansoek het ten doel om die eiendom in totaliteit te hersoneer. Die betrokke eiendom is reeds met 'n gebou wat winkels en 'n restaurant akkommodeer, ontwikkel.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl C H Papers)

A Dat die aansoek om hersonering van gedeelte 40 ('n gedeelte van gedeelte 24) van plaas 560 geleë te Yzerfontein, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf sakesone II na sakesone I, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

(b) dat daar by die Weskus Distrikmunisipaliteit vir 'n geskiktheidsertifikaat, asook by Swartland Munisipaliteit vir 'n handelslisensie vir die bedryf van die restaurant aansoek gedoen word. Afskrifte van hierdie sertifikate moet aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste voorsien word alvorens die okkupasiesertifikaat ingevolge die Nasionale Bouregulasies (Wet 103 van 1977) uitgereik sal word;

(c) dat die ooreenkoms tussen Swartland Munisipaliteit en die Weyers Familie Trust rakende die finansiële bydrae vir die nie-voorsiening van die vereiste op-perseel parkering asook die bou van 'n gedeelte straat geleë tussen gedeelte 40 van plaas Yzerfontein no. 560, Afdeling Malmesbury en gedeelte 28 van plaas Yzerfontein no. 560, Afdeling Malmesbury (petrolstasie perseel) steeds van krag is;

6.2/...

A2 WATER

(a) dat die voorgestelde ontwikkeling van ‘n enkele wateraansluiting tot ‘n grootte van 50mm beperk word;
(b) dat indien ‘n vergrote aansluiting tot 50mm benodig word sal die bestaande verspreidingsnetwerk vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar uitgebrei moet word;
(c) dat die eienaar/ontwikkelaar ‘n professionele persoon toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel vir die ontwerp van die uitbreidings aan die verspreidingsnetwerk. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste voorgelê word vir goedkeuring en die professionele persoon moet toesig hou oor die aanbring van die verspreidingsnetwerk;

A3 RIOOL

(a) dat die ontwikkeling voorsien word van 2 suigtenke elk met ’n minimum kapasiteit van 8 000ℓ elk;
(b) dat die ontwikkelaar ‘n professionele persoon toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel vir die ontwerp van die suigtenke. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word en die professionele persoon moet toesig hou oor die aanbring van die suigtenke;

A4 STRATE EN STORMWATER

(a) dat alle stormwater vanaf die ontwikkeling ondergronds gevoer word tot die naaste geskikte munisipale versamelpunt;
(b) dat daar voorsiening gemaak word daarvoor dat afloop vanaf die ontwikkeling nie bestaande stelsels sal oorlaai nie;
(c) dat die ontwikkelaar die voorgestelde ontwikkeling voorsien van ‘n ondergrondse stelsel wat vloedgroottes tot en met die 1:5 jaar vloed kan akkommodeer;
(d) dat die ontwikkelaar die voorgestelde ontwikkeling voorsien van bogrondse ontsnaproetes wat vloedgroottes tot en met die 1:50 jaar vloed kan akkommodeer;
(e) dat die parkeerareas en systraat aangrensend tot die erf voorsien word van permanente oppervlaktes;
(f) dat die ontwikkelaar ‘n professionele persoon toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel vir die ontwerp van die systraat, parkeerareas en stormwaterafvoerstelsel. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word en die professionele persoon moet toesig hou oor die aanbring van die interne pad, parkeerareas en stormwaterafvoerstelsel;

A5 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke besigheid gehef word, wat aangepas sal word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
(b) dat ‘n geboude vullisarea voorsien moet word, wat voorsien is van skoon lopende water en ‘n vuilwater afvoerput wat aan die rioolstelsel gekoppel is;
(c) dat die vullisarea toeganklik moet wees vir ‘n 30ton vullisvragmotor en werkers, maar ontoeganklik vir ongewenste diere en elemente;

A6 ELEKTRISITEIT

(a) dat, indien hierdie hersonering veroorsaak dat enige elektriese dienste verskuif moet word, sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van ‘n Eskom kraglyn verbode is;

A7 LANDSKAPERING/...

6.2/...

A7 LANDSKAPERING

(a) dat 'n landskaperingsplan vir die op-perseel gedeeltes en langs Buitekantstraat aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir oorweging voorgelê word;
(b) dat die keuse van bome en struike in oorleg met die hoof van parke van Munisipaliteit Swartland besluit word;
(c) dat die aanplant van bome en struike gelyktydig met die voorsiening van op-perseel parkering geskied;

A8 ALGEMEEN

(a) dat indien dit nodig sou wees om bestaande dienste op te gradeer ten einde die ontwikkeling van diensaansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;
(b) dat die Direkteur: Ontwikkelingsdienste skriftelik in kennis gestel word wanneer daar aan alle voorwaardes voldoen is.

6.3 **AFWYKING VAN ERF 446, DARLING (15/4/2-3) (WYK 6)**

'n Bouplanaansoek is deur die eienaars, FH & JL Fredericks van erf 446, geleë tussen Tulbagh- en Nemesiastraat, Darling ontvang.

Die voorgestelde afdakke oorskry die 2m syboulyn tot 0m. (Die afdakke is reeds ongemagtig opgerig. Kennis moet ook geneem word dat die bestaande buitegebou ongemagtig in addisionele wooneenhede omskep is en word apart van hierdie aansoek hanteer. Gevolglik word aansoek vir 'n afwyking op erf 446, Darling gedoen, ten einde af te wyk van die 2m syboulyn tot 0m vir die oprigting van afdakke.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat dit item terug verwys word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

6.4 **VOORGESTELDE HERSONERING EN AFWYKING VAN ERF 449, (15/3/3-8) (WYK 8)**

'n Aansoek is ontvang van die geregistreerde eienaars, *Grandselect 126 Pty Ltd*, vir die hersonering van erf 449 (groot 272m²) Malmesbury, vanaf enkelwoningsone na sakesone ten einde die eienaar instaat te stel om kantore en 'n kunsgalery in die bestaande gebou te kan akkommodeer.

Daar is ook aansoek gedoen ten einde af te wyk van die voorgeskrewe boulyn (suidelike grens) vanaf 1,5m na 0m. 'n Verdere aansoek is ontvang ten einde af te wyk van vereiste, 5 op-perseel parkeerplekke deur geen op-perseel parkeerplekke te voorsien nie.

AANBEVELING
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

A Dat die aansoek om hersonering van erf 449 (groot 272m²), geleë op die hoek van Loedolf en Riebeeckstraat, Malmesbury ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf enkelwoningsone na sakesone goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(b) dat die nodige aansoek om advertensietekens te vertoon aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste voorgelê word;

(c) dat die eienaar/ontwikkelaar ‘n finansiële bydrae ten bedrae van R18 400-00 aan die Raad maak vir die nie-voorsiening van 5 op-perseel parkeerplekke. Hierdie gelde is betaalbaar op bouplanstadium;

A2 WATER

(a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak moet word en dat daar geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

(a) dat daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak moet word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A4 ELEKTRISITEIT

(a) dat die elektriese tarief verander word vanaf residensieël na besigheid en moet die Departement: Finansiële Dienste in kennis gestel word;

A5 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke beboude perseel gehef word, en in die geval van besighede, sal die basiese vullistarief vir elke afsonderlike besigheid gehef word, wat ook aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;

(b) dat vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie geplaas moet word op die oggend van verwydering;

B Dat die aansoek om afwyking ten einde af te wyk van die 1,5m syboulyn (suidelike grens) na 0m ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word.

C Dat die aansoek om afwyking ten einde af te wyk van vereiste 5 op-perseel parkeerplekke deur geen op-perseel parkeerplekke te voorsien nie, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word.

(GET) J J SCHOLTZ
MUNISIPALE BESTUURDER